Liewe vriende en familie,

Die son het alweer gedraai, maar dit is nog erg koud hier by ons! Miskien is ons bloed nou dunner… Winter beteken normaalweg minder malaria, maar hierdie jaar is dit anders a.g.v. die laat reëns. Die mense het nog erge malaria en veral die kinders ly daaronder.

Persoonlik en projekte

Ons het in die afgelope tyd 'n paar uitreikgroepe op Kanjanji verwelkom.

Frank en Nita de Atouguia van die SA Gemeente in Brittanje het kom hallo sê tydens hul uitgebreide 4x4 safari deur Afrika. Op die foto regs is hulle besig om te help om kos voor te berei vir die kindervoedingsprojek wat ons Saterdae doen.

Verlede week het 'n groep van die Gereformeerde Kerk in Kathu (Suid-Afrika) by ons kom kuier. Ons is die eerste aand bederf met 'n biltong-potjie wat absoluut wonderlik was! Biltong is regtig so spesiaal en ons lees die afgelope 15 jaar net daarvan in tydskrifte!

Gert v/d Berg en sy seuns, Gert (Jnr) en Johan, het vir ons elektrisiteit aangelê. Gert en sy seuns het vir ons kragpunte geinstalleer vir die nuwe rekenaarsentrum en ook nog een van die bestaande huisies opgegradeer met bedrading.

Koos, Gerda, Hardy en Nerine Kruger het gehelp met die Babavoedingprojek en al die ander programme. Nerine doen tandheelkunde in Pretoria en het vir Lourie gehelp met die 'tande-kliniek' op die voorstoep.

Hulle het ook gehelp om truie en uniforms uit te deel by een van die plaaslike skooltjies terwyl die waarnemende hoof opgewonde verduidelik het hoe die sisteem met die weeskinders werk. Die nood is baie groot en elke klein dingetjie word met soveel dankbaarheid ontvang.

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 48 – 15 July 2010

Frank and Nita helping in the kitchen

The group from Kathu

Dear family and friends,

Although the seasons are changing again, it is still very cold down here in Zambia. In Africa, winter usually means a lower risk of malaria, but because of the late rains, we still have a big problem with malaria. The young and vulnerable are particularly suffering this year.

Personal and projects

We had the privilege of welcoming a few groups of people on outreaches to Kanjanji in the recent months.

On the left is Frank and Nita de Atouguia from the SA Congregation in the UK. They came to say hello for a few days while doing an extensive 4x4 safari through Africa. Here they are helping with the preparation of food for the Saturday orphan feeding programme.

We also had a group from the Reformed Church in Kathu (South Africa). They blessed us with a biltong-potjie on the first night, which we thoroughly enjoyed! Biltong (beef jerky) is an all time favourite snack for South Africans.

Gert vd Berg and his two sons, Gert jnr. and Johan, did some electrical wiring for us. They did a great job with the electrical wiring for the computer room as well as one of the smaller houses.

Koos, Gerda, Hardy and Nerine Kruger helped us with the baby feeding programme and other programmes. Nerine who is finishing her dental studies in the next year assisted Lourie with the dental clinic.

They also helped very enthusiastically with the handing out of jerseys and uniforms. The need is just so big and everyone is just so thankful for even the smallest gesture of goodwill.

Koos en Gerda het ook vir ons 'n wonderlike skenking gegee vir Bybels en ons kon buiten die Tonga Bybels ook vir die hoërskoolleerlinge elk 'n “Good News” Bybel aankoop. Regs handig Koos 'n Bybel oor aan die waarnemende hoof by een van ons plaaslike skole (Mutandalike).

Die groep het slegs vir 2 dae kom besoek aflê en ons was hartseer om hulle so vinnig te laat gaan.

Daar is 'n toenemende nood vir behuising vir onderwysers en dit kan vir ons ‘n ekstra inkomste beteken. Ons beplan ook om die babas wat hulp nodig het vir kort rukkies te huisves sodat leiding gegee kan word met hulle voeding totdat hulle buite gevaar is.

Koos handing over Bibles

Koos and Gerda also donated a good sum of money for Tonga as well as Good News Bibles for the children in the higher grades. On the left, Koos is handing a bible to the acting head teacher of the Mutandalike Basic School.

The group only stayed for 2 days and we were sad to see them leave so soon.

There is an increasing demand for houses for rent from the teachers from neighbouring schools and that could help a great deal towards becoming self sufficient. We are also thinking of housing the babies that are in real need for short periods of time, so that guidance with feeding could be given to their carers under supervision until the babies are out of danger.

Gebedsversoeke

- Sê asb saam dankie vir die wonderlike mense wat kom uitreike doen en sodoende help om nood te verlig.
- Ons bid saam vir die toekoms van Kanjanji en dat meer mense betrokke sal raak en eienaarskap sal neem.
- Ons bid vir samesprekings met Word of Life en met Operasie Mobilisasie wat eerskomende week sal plaasvind.

Baie dankie vir jul ondersteuning en gebede waarsonder ons nie sou kon volhou nie.

Gert and sons installing electrics

Prayer requests

- Thank God for the groups of people willing to reach out to Africa.
- Pray that more people would take ownership and become involved with the Kanjanji and its future.
- Pray for the talks with Word of Life and Operation Mobilisation next week regarding the future of the project.

Thank you so much for your support and prayers without which there would be no way forward.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com
✉ Posbus 630677, Choma, Zambië
www.kanjanji.com

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com
✉ PO Box 630677, Choma, Zambia
www.kanjanji.com

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children